Onthou jy nog dat daar lede was wat saam met hulle Nikes en jeans ’n T-hemp sou dra waarop staan: “Ek was daar!”? Die T-hemp was tipies geïllustreer met iets soos ’n befoeterde troep wat met ’n R1 die teer uit ’n tjankende SWAPO-lid foeter.

Niemand het in daardie dae gevra watter “daar” te sprake is nie. Almal het geweet. Die grens. Dis nou die noordgrense van die Republiek van Suid-Afrika en van sy toenmalige mandaatgebied, Suidwes-Afrika. In S.A.U.K.-nuusberigtaal was dit die “operasionele gebied”. Die draer van hierdie insiggewende kledingstuk was dus ’n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag en hy het aanspraak daarop gemaak dat hy die onheiliges beveg het op die grens - ’n GV (uitgespreek “dzjie wie”, soos in Engels). Hy kon ’n tiffie gewees het op Messina, ’n recce wat vanuit Ongiva geopereer het, ’n laaimeester op Ondangwa, ’n bokkop op Ruacana. Maak nie saak nie. Hy was ’n grensvegter, en as jy hom nie sou glo nie, wag totdat hy sy stepouts aan het en jy sou die oranje-en-blou lintjie van sy Pro Patria-medalje kon sien.

Nie dat alle lede sulke T-hemde op Siwwiestraat, of enige ander plek, sou dra nie. Vir meeste van hulle was dit swak houding om hulle grensvegterskap so blatant te adverteer. As jy nie hulle onlangse herkoms uit die gebleikte borselkop, die harde en seningrige lyf en die beslistheid van optrede kon eien nie, het hulle gevoel dis jou saak. Die gemiddelde mening was dat die draer van ’n “Ek was daar”-hemp niks gewoond is nie. Daar is dikwels van hierdie lede gesê dat hulle weermag toe is sodat hulle hulle hare kon laat groei en skoene kon dra. Die draer is daarvan verdink dat hy soos ’n recce gepraat het maar eintlik ’n sjef of iets op Oshakati of iewers was - ver van die verwisseling van venynige vuur. Hierdie lid is verder daarvan verdink dat hy die soort is wat sy lyf “Rocco de Wet - Grensvegter” gehou het, wanneer hy by die huis is. En dan het hy natuurlik die bloedstollendste oorlogstories vertel.

Die probleem was dat hierdie soort T-hemp modelle heeltemal onsensitief was vir die strominge van ongesproke militêre etiket. Hulle wou maar net vir die siwwies wys dat hulle deel was van die grootste

Suid-Afrikaanse avontuur van ons tyd. Hulle het nie besef dat dit nie "houding" was nie - en in die weermag was daar min verdoemender karakteruitsprake as dit.

Houding? Dit is moeilik om aan iemand wat nie in die weermag was nie te beskryf wat "houding" is. Dit is nie postuur nie en dit is nie militêre gedrag nie. Inteendeel. 'n Oordrewe laaistokgeslukte militêre houding is afgemaak as "paraat" en iemand wat te "paraat" was het verseker nie houding gehad nie. Nee, houding is iets veel meer subtiel. Houding is 'n saluut met 'n eie identiteit wat net na genoeg aan voorskrif is om teregwysing te ontglip. Browns wat gebleik is deur die grensson is houding. Houding is 'n bleekgroen beret wat deur baie dae se dra om die kop gevorm is. As jy eers houding gesien het, sal jy weet wat dit is, stewels wat deur duisende bloedige kilometers om die voet gevorm is.

Houding kan nie vervals word nie. 'n Boshoed wat in JIK gebleik is, lyk net nie reg nie, en as jy dit sou probeer het jy 'n stille misdaad begaan wat deurgaans teen jou gehou sal word.

So, dit is nie houding om jou aandeel in die grensoorlog te adverteer nie. Nee, dis veel beter om op pas te kom en te maak of jy nooit daar was nie. Jy was en spuit en poleer jouself. Jy karnuffel jou halfduim hare in een of ander amper-siwwie styl in, en trek jou nuutste, sagste, helderste siwwieklere aan.

Natuurlik is niemand gefop nie. Jy is te maer, te songebrand en te ongeduldig om 'n siwwie te wees. By braaivleise staan jy so effens eenkant. Jy het nie veel om te sê nie. Die laaste fliek wat jy gesien het is nou al vrygestel op video. Jy weet nie wie is voor in die Curriebekerstryd nie, en die varsste nuus wat jy gehoor het was van anderdag se orkaan Demoina wat lankal reeds winduit is. En siwwies praat anders. Hulle speel geselsspeletjies. Hulle bedoel dikwels nie wat hulle sê nie, en praat selde oor dit wat vir hulle saak maak. So anders as die ouens in die peloton. Al waaroor jy op die oomblik met gemak kan praat is LMG.'s, SAMILS, ratpacks en die nuutste eenheidsgerugte. Sulke goed.

Sou dit gebeur dat iemand by jou staan en hy stuur die regte seine wat so instinktief is dat jy dit self nie eers kan definieer nie, en hy vra die regte vrae en sê die regte ding, en jy besef dat hy miskien nou 'n

siwwie is, maar dat hy verstaan want hy is amper een van ons, want - ietwat vroeër miskien - het hy gevoel wat jy voel, gedoen wat jy doen, gesien wat jy sien. Wanneer jy besef - hy WAS DAAR - dan begin jy vertel. Nie baie nie, maar darem. En jy sal hierdie persoon toelaat om jou stories uit jou te torring. Jy moet net nie te veel sê nie of te gretig lyk om te praat nie.

En dit was houding; nie ’n T-hemp wat te vertelle gehad het: “Ek was daar!” nie.Maar tye het verander. Die oorlog is verby. Ons het gewen maar iemand anders het die prys gekry. GV’s het ’n uitgediende spesie geword; ’n blote oorblyfsel. Die troepe het veterane geword en die alledaagse werklikhede van die mag is nou net herinneringe. Die media het ’n skaduwee getrek oor die grenskonflik. Dikwels is dit asof die stryd nooit plaasgevind het nie. Maar dit het. En daarom het dit tyd geword om te sê: “Ek was daar.” En hierdie erkenning, wat is dit? Onverdunde, onvervalsbare houding.

Ek was daar. O ja, ek was. Ek het vir twee jaar diensplig gedoen as ’n lid van die kapelaansdiens van die Suid-Afrikaanse Weermag. Hierdie ondervinding het so diep in my wese vasgewortel dat ek bang is dat enige iets daarvan sal vervaag. Ek wil onthou, en ek wil julle wat daar was herinner.

Dit was wild en dit was pynlik. Hoe sê ons nou weer: Dit was die lekkerste twee jaar van jou lewe wat jy nooit, ooit wil oorhê nie. Daardie twee jaar. Ons het lewenslange vriendskappe gebou en bittere vyande gemaak. Ons het baie van onsself geleer. Van dit is goed en van dit sal ons nooit vir iemand anders vertel nie. Baie seuns het in daardie twee jaar manne geword, en baie manne met harde baarde het hulleself soos babas gedra.

Soos ek sê, ek was ’n kapelaan. Klink dit vervelig? Nie so nie! Ek was op meer plekke, het in meer voertuie gery, met meer wapens geskiet en het natuurlik meer ding gehoor as wat jy kan dink.

Alles wat ek hierna kwytraak is gebaseer op die waarheid. Ek sit waar nodig so ’n bietjie by en vat dikwels iets weg. Baie van die ondervindings is my eie. Ander nie. As jy dink ek ploeg met jou kallers, skryf vir my of my prokureur (have your barrister call my barrister). Ek staan nie pa vir ’n ander ou se verhaal nie, maar wie is ek om die geloofwaardigheid van sy liegstorie te betwyfel?

Ja, dit was ’n tyd van baie lag. Mense in ’n vreemde omgewing onder voortdurende druk doen snaakse ding. Ons het baie gelag; miskien meer as daarvoor of daarna. Maar ek wil nie net die snaakse dinge onthou nie. Dit was ’n tyd met baie hartseer, baie opoffering, baie ironie. Die karakters? Baie van hulle sal jy herken, want sulke manne kry jy in elke eenheid van die weermag. Party se name het ek verskuil – ek wil nie onnodig vervolg word nie. Herken jy jouself, of dink jy so? Trek die skoen aan as hy pas, ou bul!

Vergeef my taalgebruik. Die “amie” het sy eie taal en hy kan nie siwwie-Afrikaans praat nie. Hierdie taal is ’n eienaardige maar ryk konkoksie van Afrikaans, Engels, Amerikaans en ’n woord of twee wat klink soos Swahili. Ek het darem die kruie uitgesif!

Ja, ek was ’n kapelaan in die Suid-Afrikaanse Weermag. ’n Kapelaan. ’n Christen. ’n Mens se geloof moet geleef word; jy kan dit nie by die huis los nie. Die bestaansrede van die kapelaansdiens was om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig. Baie jongmanne het die Here in die weermag ontmoet. Meer daaroor in die hoofstukke wat volg.

Dit is vir my belangrik dat hierdie boek geniet sal word. En onthou sal word.

Hooghou!